# BEDIENINGSTRATEGIEË IN DIE LIG VAN HUIDIGE GODSDIENSTIGE STROMINGE

P Verster[1]

## 1. INLEIDING

In sy omvangryke werk *Transforming Mission* dui Bosch aan dat daar paradigmaverskuiwings voorgekom het wat beslissend inwerk op die tydperk waarbinne dit voorkom. Hierdie paradigmas bepaal die kerkbeskouing sowel as die teologiese besinning. Sulke verskuiwings het 'n beslissende invloed op die bedieningstrategieë.

Ander meen dat daar verskillende tye onderskei kan word op grond van die herlewings wat voorkom. So staan die pinksterherlewing van die laat negentiende eeu en vroeg twintigste eeu uit, asook die charismatiese herlewing van die sestigerjare.

Hierdie herlewings kan opgevolg word deur 'n nuwe herlewing. Hoe dit egter ook al beskou word, daar is duidelike kenmerke te onderskei van nuwe strominge wat tans in die kerklike lewe sigbaar word. Hierdie strominge is van belang wanneer 'n bepaalde strategie ontwikkel word.

## 2. STROMINGE

### *2.1. Soteriologie*

Die eerste stroming wat onderskei kan word, is die stroming wat belangrike kenmerke openbaar aangaande die soteriologie. Die soteriologie bepaal hoe daar gedink word oor versoening.

Enkele kenmerke wat na vore tree, en krities oorweeg word, is die volgende:

In die huidige debat word vanuit sekere kringe sterk standpunt ingeneem aangaande die aard van verlossing en versoening. Volgens hulle is die verlossing in Christus sigbaar. Die mens beleef die verlossing en dit beteken dat die mens ook sigbaar verander. Hierdie sigbare verandering

1 Dr. P. Verster, Hoof: Departement Sendingwetenskap, Fakulteit Teologie, UOVS, Posbus 339, Bloemfontein, 9300.

is van groot belang. Versoening beteken dat die mens die verhouding tussen Hom en God regstel deur te verander en 'n nuwe lewe te lei. So 'n lewensverandering moet sigbaar wees en daarom gaan dit dikwels gepaard met uiterlike tekens.

Die mens speel self 'n besliste rol in die verlossing. Die mens se verantwoordelikheid word beklemtoon want dit is hy wat verlos moet word. Daarom moet die mens sy lewe verander en met die veranderde lewe toon dat hy aan God behoort.

Dit is nie vreemd dat bekering beklemtoon word nie. Sonder bekering is geen versoening moontlik nie, maar met bekering word die mens totaal nuut en verander sy lewe en verhouding tot ander. God bring in Jesus Christus die verlossing mee, maar die bekering van die mens is sentraal.

Die vereiste is dat die mens nou deur gebed en deur 'n toegewyde lewe moet toon dat hy wel ook die heil beleef en dat Hy God ken.

Die bekering kan aangehelp word deur bepaalde stappe te volg. Die metode is van groot belang en moet versigtig oorweeg word. Daarom moet die persoon wat die evangelie oordra mense se geloof voortdurend onder verdenking bring en hulle vra om opnuut te besin oor hulle geloof. Hulle geloof word soms bevra deur hulle die geleentheid te bied om 'n hernude oorgawe te maak.

Hierdie stroming ontken nie die vrye genade nie, maar plaas 'n geweldige premie op die bekering van die mens. Die verantwoordelikheid van die mens en die mens se wil om opnuut sy saak met God reg te maak word beklemtoon.

Die mens se sekerheid word sterk bevraagteken en slegs die persoon wat 'n bekeringsondervinding gehad het kan aanspraak maak op redding wat van God kom.

Hierdie beskouing kom veral onder die Campus Crusade for Christ-groepe voor.

## *2.2 Heiligmaking*

Die tweede groot beskouing raak die wyse waarop die sanctificatio of die heiliging van die mens hanteer word. Die Heilige Gees se werking en die betekenis van die Heilige Gees vir die belewenisse van die mens is van groot belang. Die pinksterparadigma is hier betekenisvol.

Hulle is van mening dat die Heilige Gees die mens totaal moet vernuwe. Die mens word vernuwe en die gevolge van die vernuwing is sigbaar in die gemeenskap.

Die "second blessing" kom ook hier na vore en speel 'n beslissende rol in die verstaan van die mens se lewe met en voor God. Hiervolgens is die sanctificatio 'n tweede ervaring wat nie saamhang met die eerste, naamlik bekering, nie. Die tweede ervaring bring besondere heil mee en moet daarom ook begerig gesoek word, want in die soeke na dié ervaring kom die mens in aanraking met God self.

Die Heilige Gees word ook op sy eie beskou - los van Christus. Die werk van die Heilige Gees word soms ook los van die werk van Christus beskou. Die werk van Christus word dan nie meer op dieselfde vlak as die werk van die Heilige Gees geplaas nie, maar daar word gereken dat die Heilige Gees met die vernuwing wat hy bring ook bepaalde prosesse aan die gang sit wat los van die werk van Christus beskou word. Die plaasvervanging in Christus word opgevolg deur die koms van die Heilige Gees.

Die voortgaande sanctificatio word dan in verband gebring met nuwe werk van die Heilige Gees. Die tekens daarvan moet gesien kan word. Die spreek in tale en genesing is aanduidings dat die Heilige Gees wel werk en dat heiligmaking plaasvind. Die ondervinding is van groot betekenis. Bykans die hele pinksterwêreld staan by dié gedagtes.

### *2.3 Geestelike belewenisse*

Die emosie kom weer na vore. Die buitengewone in die lewe van die mens voor God is van belang. Baie meen dat uiterlike ervaringe weer eens die mens se betrokkenheid by God bevestig. Hier is dit van groot belang dat die geestelike ervaring gerugsteun word deur die uiterlike ervaring. Die ervaring sluit die spreek in tale, genesing, die sien van gesigte, wonderwerke, verrukking en ander ervaringe in.

Hoe kan die ervaring verkry word? Aanhangers van dié gedagtes meen dat dit aangeleer word. Dit word oorgedra aan persone wat by is waar die geestelike ervaring beoefen word. Die gawe bestaan daarin dat die mens

op buitengewone manier deur God betrek word by die heilshandelinge. Dit is God self wat die wonderbaarlike gawes gee en die Gees bring dit mee.

Daarom is die spreek in tale so belangrik vir dié stroming. Die spreek in tale dui duidelik op 'n verukking van geeste wat van buite kom en wat deur dit wat van buite kom, bepaal word. Die spreek in tale maak dit moontlik om iets van buite aan te dui as kragtig en beslis werksaam in die mens se lewe. Dit is 'n sigbare, uiterlike teken en daarom so belangrik onder diegene wat dit beoefen.

Daarmee saam hang iets wat moeiliker bepaal kan word, maar wat ook uiters betekenisvol is en ook inwerk op die gemeenskap as sodanig, naamlik genesing. Genesing word ook as die duidelike teken van heil beskou. Geen wending is egter moeiliker bepaalbaar nie.

Wat baie belangrik is is dat dit uiterlike tekens is wat baie betekenisvol meewerk in die lewe van diegene wat dit beoefen.

Die pinksterbeweging sowel as die charismatiese beweging het reeds'n groot aanhang. Daar word daadwerklik gesoek na tekens en wonders.

Die sakrament van die doop kom ook hier ter sprake. Sou dit wees dat die herdoop betekenisvol verreken sou kon word, sou dit wel moontlik wees om groter ruimte te laat vir 'n nuwe sakramentsbeskouing. Die aard en betekenis van die doop soos in die Nuwe Testament uitgebou laat egter nie ruimte vir so 'n beskouing nie. Die besondere betekenis van die doop as verbondsteken in die nuwe verbond moet erken word.

Nog 'n geestelike ervaring is die sogenaamde "Toronto Blessing". Die vraag of dit 'n egte Christelike belewenis is, moet gevra word. Daar kan geen twyfel bestaan dat die neervelling in die Gees die mens van sy sinne ontneem nie. Die persoon wat neergevel word, verloor beheer oor homself. Die gevolg is dat hy dan ook nie oor die gevolge van die neervelling beheer het nie.

Vir diegene wat dit beoefen, beteken dit egter net die teenoorgestelde: die neervelling in die Gees maak hulle vry, so meen hulle, om self beslissende invloed op hulle eie en ander se lewe te hê. Die ondervinding verbind hulle aan die Gees, dit maak hulle lewe nuut en verander hulle totaal. Hulle word deur die ervaring gehelp om duidelikheid oor hulle lewe te verkry.

Wat sluit die Toronto-ervaring alles in? Verskeie dinge word genoem: Neervelling of rus in die gees, swakheid in die knieë, oorweldigende huilbuie, oorweldigende gelag, bewerasie, openbarende ondervindings, profesie onder kinders, engelverskynings, die sensasie van wind wat in handpalms waai, swaar hande, koue, krag wat deur die liggaam trek, elektrisiteit, die sensasie om vasgenael te wees, die sensasie om vasgedruk te wees op die grond, die spreek in tale, spring en dans, en vibrasie van voete op die grond.

Hierdie ervaring word wyd waargeneem en het by pinksterkerke groot inslag gevind.

## *2.4 Okkultiese ervaringe*

Ouweneel het geskok met sy uitspraak dat die charismatiese kerke soms ook deur die okkulte binnegedring is. Okkultisme behels die maniere wat die mens buite en sonder die Bybel persoonlik en in groepverband in sy godsdiens aanwend om met die bonatuurlike te kommunikeer, sodat hy sy religieuse behoeftes kan bevredig en sy leefwêreld kan beheer. Die Okkulte is die omvattende begrip vir die bo-natuurlike en bo-sintuiglike. (volgens 'n definisie van die Eenheid vir Okkultgekweldes aan die UOVS). Hoop op magte buite die mens self en buite God in Christus en die deurgee van die hoop op iets duister beteken dat jy hy hom oopstel vir die okkulte. Okkultiese ervaring hang saam met die feit dat die mens hom op die bonatuurlike buite om Christus beroep. Waar Christus verdring word en bonatuurlike ervaringe los van Hom gesoek word, dreig gevaar.

## *2.5 Die welvaartgodsdiens*

Hier is van belang dat die godsdiens iets moet beteken. Dit moet die mens help om sy situasie beter te verstaan en te verwerk. Dit beteken dat die heil ook sal inhou dat die mens welvaart beleef, want dit is immers God se wil, so word gemeen, dat dit goed met hom moet gaan en dat hy welvaart moet beleef. So word hy self deur die welvaart beheer en word God die God van welvaart. Hy moet sorg dat dit met die mens goed gaan en dat hy in daardie heil kan lewe.

Rhema verkondig dat God daardie welvaart aan die mense gee.

### 2.6 *Die nuwe era*

'n Ander stroming wat eintlik totaal op ander vlak lê, is die die Nuwe Era-beweging (New Age Movement). Dié rigting staan teenoor die charismatiese en pinksterbeweging en verkondig dat die heil op heel ander wyse na die mens kom. Die heil is universeel en God gee sy heil op verskillende wyses. Van sentrale belang is egter die holistiese tendens. Sake soos holistiese genesing en die geestelike ervaring van eenheid en vrede is hier van belang.

## 3. RIGLYNE IN DIE NUWE SITUASIE

### 3.1 *Uitverkiesing*

Sentraal in die gereformeerde belydenis staan die uitverkiesing. Dit staan òf as baken òf as struikelblok, maar geen gesprek is moontlik sonder dat rekening gehou word met die Dordtse leerreëls nie. Wat Dordt beteken, is van groot belang.

'n Meganistiese beskouing van die uitverkiesing bring mee dat die sending ingeperk word. Miskien moet ons ook 'n dinamiese beskouing van die uitverkiesing hê soos wat ek glo die Bybel wel het. Die uitverkiesing is nie 'n rekenaarlys met name wat van alle ewigheid in die hemel lê en meganisties deurgegee word soos die wêreldgeskiedenis ontvou nie. Dit is dinamies; in Christus is ons voor die grondlegging van die wêreld uitverkies. Maar wat ons wel beklemtoon en onder alle omstandighede wil beklemtoon is dat die vrye genade van God voorop staan. Uit vrye genade alleen word ons gered. Dit is uit vrye guns dat ons gered word, dit is nie uit onself nie, maar uit God wat ons genadig was en is. God se groot en heerlike genade maak die uitverkiesing moontlik en gee aan ons die guns om uitverkies te wees. Deur hierdie uitverkiesing kom ons vry om God ook te kan dien met volle oorgawe en uit volle vertroue.

Dit beteken dat ons ons bediening moet struktureer rondom die vrye genade van God, rondom die eer van God, rondom die wyse waarop God 'n mens red en nie rondom die begrip van ons eie bekering nie.

Maar ons sal dit moet doen deur ook duidelik te maak dat God ons uitgered het en ons op die weg wil plaas sodat ons hom sal verheerlik en met Hom sal leef.

### *3.2. Die verbond*

Ten tweede sal ons ons bediening moet struktureer rondom 'n dinamiese verstaan van die verbond.

Die heil is teenwoordig in die gemeenskap in die verbond wat uit God is. God is die een wat die verbond instel, daarom sê ons ook dat die verbond monopleuries ingestel is. Maar die verbond bestaan dipleuries. Die mens se antwoord is nie van nul en gener waarde nie. Daarom moet ons ook in ons bedieningstrategie die betekenis van die verbond vooropstel. Die heil in Christus sal van groot betekenis wees. Maar dan moet ons tog ook die verantwoordelikheid van die mens beklemtoon. Die mens speel ook 'n rol in die uitwerk van die boodskap van heil in die gemeenskap. In die gemeenskap word die mens opgeroep om voor God te verskyn en te doen wat God ook van die mens verlang. Die verantwoordelikheid van die mens word onderspeel nie - die mens bly verantwoordelik.

Daarom moet ons ook die verantwoordelikheid van die mens in die verbond beklemtoon. Dit beteken dat ons in ons liturgie die rol van die mens sterker moet beklemtoon.

### *3.3 Die voorrang van die Woord*

Daar bestaan geen twyfel nie dat die saak wat in die sentrum van bespreking staan en wat ook volledig die aandag moet geniet, die vraag na die betekenis van die Woord van God is. In sy boek *Charismatic Chaos* toon John F. MacArthur aan dat die gesag van die Woord seker die mees sentrale saak is as dit by die beoordeling van geestelike strominge kom. Die Woord staan sentraal. Wat die Woord sê moet die sentrale vraag wees en nie wat die ondervinding leer nie. Die Woord leer dat die Heilige Gees sigbaar werk deur die vrug in mense se lewe. Die Woord is in 1 Kor 12 baie duidelik oor die aard en betekenis van die gawes wat God gee. In die lig van die Woord moet die gemeenskap ook gehoorsaam vir God dien en doen wat God verlang.

Die Woord moet sentraal staan en die eksegese van die Woord moet op verantwoordelike wyse geskied. As ons die Woord verdring met wat ons ook al doen, loop ons gevaar om 'n valse leer te omhels. MacArthur meen inderdaad dat die charismatise beweging juis op dié punt die krag van God se Woord misken.

### *3.4 Liturgie en sang*

Die tendens om aan te sluit by die charismatiese groepe ook in die liturgie en by hulle verstaan van die reddende genade van God, kan probleme meebring. Alhoewel dit soms met groot sukses gedoen word, moet rekening gehou word met die feit dat die wyse waarop dit gedoen word, die mens se verstaan van die erediens beïnvloed..

Moet ons groter vryheid, orkesspel sangbediening en spel toelaat? Daar is inderdaad groot ruimte vir vernuwing. Die verstaan van die dipleuriese verbond en die wyse waarop die heil in die gemeente tot uiting kom, maak nuwe liturgieë moontlik. Wanneer die klem egter begin val op die emosionele en eietydse op so 'n wyse dat daar selfs sprake van eie geloofsbelydenisse is, word dit hoogs problematies.

### *3.5 Houding teenoor ander Godsdienste*

Die uniekheid van die Christelike evangelie mag nie geloën word nie. Om vol te hou dat daar geen ander heil bestaan as die heil in Christus Jesus nie is nie ekslusivisme nie maar Bybelse realisme. Die belydenis dat Jesus die Here is kan nie misken word nie. Daardie belydenis moet steeds onverskrokke gebring word. Dit beteken dat daar in die wêreld steeds verkondig moet word dat Jesus die Middelaar tussen God en mens is en dat Hy steeds as die Middelaar vereer moet word. Alle godsdienste lê nie maar op dieselfde vlak nie. Die verlossing in Christus is uniek. Hy is die Weg, die Waarheid en die Lewe. Hy is die goeie Herder wat sy lewe vir die skape aflê.

Maar ons erken ook die algemene werking van God ook in die ander godsdienste. God laat hom nie onbetuig nie. Hy sorg ook vir die ongelowige en die persoon wat nie in Christus glo nie. God hou sy hand oor die hele mensdom sodat die wêreld nie hel word nie. Dit beteken nie dat elkeen maar op sy eie geloof salig word nie, maar dat God mense onder

sy hand hou sodat hulle ook op die tyd deur Hom bepaal die evangelie kan hoor. Met 'n omvattende sendingbenadering bring die kerk die heil in die wêreld.

## 4. SLOT

Vernuwing moet altyd die Here van die kerk vereer. Jesus moet sentraal staan in ons bediening. Sy vrye genade bepaal hoe ons oor bedieningstrategieë moet dink.